Lidmaatskapsbeleid

Ceres Toerisme is ‘n organisasie wat toegewy is om ‘n hoë gehalte diens aan besoekers en lede te verskaf.

Ons finansiële jaar strek vanaf Julie – Junie en lidmaatskapfooie word vasgestel by ons algemene jaarvergadering.

Lidmaatskapfooie:

- **Lidmaatskapfooie is betaalbaar binne 30 dae na ontvangs van die faktuur**. Indien betaling na 3 maande nog uitstaande is, sal lidmaatskap *ipso facto* gekanseleer word na kennisname aan die lid.
- As ‘n nuwe lid by die toerismeburo aansluit gedurende die finansiële jaar, sal die lid slegs ‘n pro rata lidmaatskapfooi betaal.
- As lidmaatskap gekanseleer word gedurende die finansiële jaar, sal die lid ‘n pro rata betaling moet maak vir die gedeelte van die finansiële jaar verstryk, tot op die maand van kansellasie.

Blootstelling - Brosjures en Kaarte:

- Lede word aangemoedig om die toerismeburo te voorsien van hul brosjures
- Slegs lede wie se lidmaatskapfooie betaal is, sal die geleentheid kry om in die Ceres Brosjure te adverteer en gelys word op die Ceres afskeurkaart.

Besprekings & Verwysings:

- Na gelang van die navrae poog Ceres Toerisme gedurig om relevante inligting wat op datum is te verskaf aan besoekers, wat produkte, dienste en aktiwiteite insluit wat deur ons lede aangebied word. **Die onus rus op die lid om seker te maak dat Ceres Toerisme hul korrekte inligting het**.
- Besoekers word op ‘n objektiewe, professionele en bekwame manier gehelp en maak ten einde hul eie besluite daarvolgens.
- Lede moet verseker dat die tarief wat hulle aan Ceres Toerisme deurgee, die buro se 10% kommissie insluit.
- Ceres Toerisme kan nie waarborg dat daar elke dag besprekings by u fasiliteit gemaak gaan word nie, maar ons sal ons bes doen om navrae in besprekings om te skakel.

Lidmaastkap van Ceres Toerisme is slegs gewaarborg as die volgende in plek is:

- **‘n Voltooide lidmaatskapvorm**
- **‘n Getekende afskrif van ons gedragskode**
- **Die fasiliteit voldoen aan die basiese minimum inspeksie vereistes**
- **Fakture tot op datum betaal is**

CERES TOURISM
CERES - PRINCE ALFRED’S HAMLET - KOUE BOKKEVELD - CERES KAROO
1 Voortrekker Road, Ceres, South Africa, PO Box 563, Ceres, 6835
Telephone: +27 (0) 23 316 1287 Fax: +27 (0) 86 5050 455 E-mail: info@ceres.org.za
www.ceres.org.za